HOËRSKOOL NORMAN HENSHILWOOD
EKSAMEN

DATUM	3 JUNIE 2011
GRAAD	**8**
AFRIKAANS EAT	VRAESTEL 1
TYD	1 ½ UUR
PUNTE	50
EKSAMINATOR	ME. A DONOUGH
MODERATOR	A. ADAMS

Checked
26-05-2011

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (Vraag 1,2 en 3)
   AFDELING B: ,Opsomming (Vraag 4)
   AFDELING C: Taal (Vraag 5)
3. Lees die instruksies by al die vrae goed deur.
4. Skryf netjies en leesbaar.
5. Beplan jou tyd.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende artikel versigtig deur en beantwoord dan die vrae.

BART
die lean mean Bart machine

Hy is die wêreld se geliefste pes,maar Bart Simpson is gewilder as van die beroemdste sterre!

Kinders is mal oor hom,grootmense maak asof hulle hom haat en onderwysers is bekommerd oor sy invloed op die sogenaamde "jeug van vandag".

Matt Groening (wat Bart geskep het) onthou nog al die kere wat hy in die skoolhoof se kantoor moes sit. Hy het toe wraak gesweer – en Bart is sy wraak op die samelewing ...

Maar waarom betower hy oud en jonk? Hy's 'n maltrap en ongelooflik stout. Hy's gewapen met 'n rek en hy ry sy skaatsplank soos 'n wafferse renjaer. ENTERTAINMENT WEEKLY het hom gekies as die Vermaker van die Jaar in 1990. Daarmee het hy stof geskop in die oë van die sterre soos Madonna en Mel Gibson. Pa Homer probeer vir sy gesin sorg. Hy is egter maar lui.

Gewoonlik skreeu hy op sy kinders. Ma Marge is outyds, sorgsaam,liefdevol en saggeaard. Dit is meestal omdat sy nie regtig weet wat aangaan nie. Bart het 'n probleem met gesag en Lisa is 'n klikbek. Bart dryf Lisa tot raserny, hy verpes sy onderwysers en sy arme, geduldige ma sit met haar hande in haar hare oor haar stout seun wat so lief is om poetse te bak. Baba Maggie, sy klein sussie, sit met 'n fopsteen in haar mond en bekyk alles om haar.



In Suid-Afrika kla mense oor die kyktyd. In Amerika kla hulle dat die reeks die gesin en tradisionele waardes wegneem. 'n Psigiater van Johannesburg glo weer die reeks is eintlik baie goed vir mense. Die rede? Niemand kan ooit die Simpsons iets beny nie. Hulle is doodgewone, doodgoeie mense soos ek en jy. Elkeen met sy eie probleme en swakhede.

Woordeskat

wraak – revenge	**raserny - insanity**
samelewing – society	**fopsteen - dummy**
betower - fascinate	**psigiater - psychologist**
gesag – authority	**vermaker – entertainer**

1.1 Watter woord in paragraaf 1 sê dat baie mense die program "Bart Simpson" kyk? (1)

1.2 Haal een woord aan wat sê dat hy mense baie pla. (1)

1.3 Waarvoor is onderwysers bang? (1)

1.4 Waarom het Matt Groening "Bart Simpson" geskep (geskryf) ? (1)

1.5 Kies 'die korrekte antwoord.

" Hy het stof geskop in die oë van die sterre soos Madonna en Mel Gibson", . beteken:

A Hy het vullis in hulle oë geskop.
B Hy het baie beter as hulle gedoen.
C Hy is net soos goed soos bogenoemde sterre. (1)

1.6 Noem een slegte eienskap van Pa Homer. (1)

1.7 Hoe' verskil Ma Marge van Homer? (1)

1.8 Kies die korrekte antwoord.

"Sy ma sit met haar hande in haar hare," beteken

A Sy het 'n probleem met haar hare.
B Sy weet nie meer wat om te doen nie.
C Haar hare is baie vuil. (1)

1.9 Haal 'n sin uit die leesstuk aan wat die Simpsons beskryf. (1)

1.10 Haal 'n sin uit die laaste paragraaf wat bewys dat Amerikaners nie van die program hou nie. . (1)

[10]

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die .onderstaande advertensie goed deur en beantwoord dan die vrae.
(Dit is nie nodig om in volsinne te beantwoord nie.)

2.1 Haal 'n woord uit die advertensie aan met dieselfde betekenis as "verniet".(1)

2 .2 Wat is 'n "snowfreeze"? (1)

2.3 Waar is hierdie tak(branch) van Wimpy? (1)

2.4 Tot wanneer kon hierdie koepon gebruik word? (1)

2.5 Wat is die naam van die koerantjie waarin die advertensie verskyn het? (1)

[5]

VRAAG 3: STROKIESPRENT

Lees die. volgende strokiesprent en beantwoord dan die vrae .

3.1 Waarom was Jeremy en Hector in die moeilikheid? (1)

3.2 Waarom dink Hector se ma dat wat die seuns gedoen het nie so 'n groot oortreding (verkeerde ding) was nie? (1)

3.3 Hoe is hy en Hector gestraf? (1)

3.4 Watter organisasie, dink Jeremy, sal hou waarvan hulle gedoen het? (1)

3.5 Haal 'n sin aan wat sê dat Jeremy diep in die moeilikheid is. (1)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 4

Lees die volgende teks aandagtig deur.

- Som die gunstelinggoed waarvan Ivan Botha hou in 7 volsinne op.
- Jou opsomming moet puntsgewys aangebied word.
- Die 7 sinne saam mag nie meer as 60 woorde beslaan nie.
- Skenk aandag aan spelling, taalgebruik en formaat.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het aan die einde van jou antwoord neer.

Gunstelinggoed Gunstelinggoed

Ivan sing graag. Hy het 'n droom om eendag 'n rockster te word en kan selfs 'n bietjie kitaar speel. Chris Cameleon se *Shine* is tans die CD waarop hy sy stem oefen.

Mrs Ball's se blatjang is nog een van sy gunstelinge en hy het altyd 'n bottel in sy koskas.

"Dis beslis die gemaklikste skoene ooit!" Dié *All Star*-tekkies is goedkoop, pas by alles en hy kan dit oral heen dra.

"Ek kan nie skaak speel nie – poker is my ding!" sê die jong blondekop laggend.

Die 17-jarige skoolseun Roberto Martineli is die sjarmante nuweling op die Villa Rosa-stel. Die rol word deur Ivan Botha vertolk, 'n jong akteur met groot planne. . .

Ivan is 'n James Dean-fanatikus en het 'n hele versameling James Dean-artikels.

Ivan skryf gedigte, maar wanneer jy hom daaroor uitvra, raak hy skoon skamerig.

Ivan het aan Cornwall in Ballito gematrikuleer en hou al van skooldae af van *Cream Soda*.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALLEER

VRAAG 5

Beantwoord die vrae wat op die volgende leesstuk gebaseer is.

DIAMANTE,DUIWE EN DIEWE

1 Niemand weet hoeveel diamante daar elke jaar gesteel word nie, want niemand weet presies hoeveel diamante daar op 'n plek is nie. In die middel van die 80's het groot sindikate begin diamante steel. Baie mense wat eerlik is, word deur skelms gedwing om hulle te help steel. Die diewe is nie bang vir die sekeriteitskameras of x- straalfoto's wat geneem word nie.

2 Allerhande slim planne word gemaak om diamante te steel. Een persoon het elke dag sy kosblik saamgeneem na die myn toe. Niemand het ooit in die kosblik gekyk nie, want hy het dit openlik in en uitgedra en almal kon sien dis 'n kosblik. Uiteindelik het hulle ontdek dat die man elke dag 'n posduif in die kosblik gesit het. Op die voël se rug was 'n klein sakkie soos 'n miniatuur rugsak.

3 Die man het die duif laat wegvlieg nadat hy diamante in die rugsak gesit het. Later, by die huis het die duif in die hok gesit: met sy sakkie vol diamante op sy rug! Deesdae word duiwe geskiet as hulle bo – oor die myne vlieg omdat hulle heel moontlik besig is om 'n diamant of twee te steel!

4 Nog 'n slim plan om diamante te steel, is deur 'n vrou uitgedink. Haar man was 'n entoesiastiese wapenversamelaar (weapon collector). Hy het ook 'n kruisboog (cross bow)in sy versameling gehad. Hy het elke dag 'n stuk van sy kruisboog werk toe geneem. Uiteindelik het hy dit aanmekaar gesit en in 'n kas weggesteek. As niemand kyk nie, het hy by die draad gaan staan en pyle oor die muur geskiet. Sy vrou het die pyle in die veld opgetel. Hy het die diamante met kleefband (sticky tape) aan die pyle vasgeplak.

Voltooi die sinne in die linkerkantse kolom met behulp van die leidrade in die regterkantse kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

Die man se **5.1** oog het gerek toe hy die diamante in die **5.2** ring sien.	5.1 Gee die **meervoud.** (1) 5.2 Gee die **verkleinwoord**. (1)
Sy vriend se oog het selfs **5.3** groot as syne gerek.	5.3 Gee die korrekte **trap van vergelyking**. (1)
5.4 Hy het ook 'n kruisboog in sy versameling gehad.	5.4 Skryf die sin in die **toekomende tyd** (2)
Die diewe is nie **5.5** (baie bang) vir die sekeriteitskameras nie.	5.5 **Gee een woord** vir die woorde tussen hakies. (1)
Een persoon het elke **5.6** dag sy **5.7** kosblik saamgeneem.	5.6 Gee die **meervoud**. (1) 5.7 Gee die **verkleinwoord**. (1)
Hulle het **5.8** ontdek die man het 'n posduif in die kosblik .	5.8 Gee 'n **sinoniem** vir die woord. (1)
Op die voël se rug was 'n **5.9** miniatuur rugsak.	5.9 Gee 'n **antoniem** vir die woord. (1)
5.10 Deesdae word duiwe geskiet as hulle bo myne vlieg.	5.10 Skryf die sin in die **verlede tyd** (2)
Die man moes net **5.11** (vluit// fluit) en dan het sy **5.12** (eie// uie) duif na hom toe gevlieg.	5.11 Kies die **korrekte woord.** (1) 5.12 Kies die **korrekte woord**. (1)
Die vrou het **5.13** ..... die muur gestaan en wag vir die pyl om oor te kom.	5.13 Vul die **voorsetsel in**. (1)
Die vrou het **5.14** (die vrou se) man gevra om **5.15** (die man se) kruisboog in te smokkel.	5.14 Gee die **korrekte voornaamwoord**. (1) 5.15 Gee die **korrekte voornaamwoord**. (1)
5.16 Diamante / gesteel / is deur/ myn-werkers.	5.16 Gee die korrekte **woordorde**. (1)
5.17 Die man/ het/ geskiet /oor die draad/elke oggend /'n diamant.	5.17 Gee die korrekte **woordorde**. (2)
5.18 Die duif vlieg vinnig. Hy wil huis toe gaan.	5.18 Verbind die twee sinne met **want.** (2)

5.19 Die vrou loop in die veld. Sy soek die diamante.	5.19 Verbind die twee sinne met **omdat.** (2)
5.20 Ek wil graag 'n kruisboog besit. **5.21** Het die polisie ooit die dief gevang?	5.20 Herskyf die sin in die **ontkenning.** (1) 5.21 Beantwoord die vraag in die **ontkenning**. *Begin so:* Nee, ... (2)
5.22 Mev. Louw sê: "Ek wil 'n diamant in my ring hê."	5.22 Skryf die sin oor in die **indirekte rede**. (2)
5.23 Die plan wat hy het is deur sy vrou uitgedink.	5.23 Vul die **ontbrekende leesteken** op die korrekte plek in. (1)

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL:60